Die dialektiek van genre: kanttekeninge by Bakhtin en Jameson

S van Wyk

Opsomming

Na 'n bespreking van die probleme rondom 'n definisie van genre en die gebreke in die praktyk van die tradisionele genrekritiek, is die slotsom dat dié konsep tog gebruikswaarde het by die analise en interpretasie van tekste; ook in die verrekening van die sosio-politieke neerslae van 'n teks. Aan die hand van Bakhtin en Jameson word die argument gevoer dat genre as vormlike en sosiale konstruksie juis die moontlikheid bied om die teks-konteks dialektiek te verken. Jameson se metodologie vir 'n dialektiek van genre waardeur beide teks en kritiek sosiaal begrond kan word, word kortliks in die slotgedeelte uiteengesit.

Summary

After a discussion of the problems with a definition of genre and the short-comings in the practice of traditional genre-criticism, the conclusion is reached that the concept has some practical use in the analysis and interpretation of texts and also as a means of accounting for the socio-political grounds of a text. Along with Bakhtin and Jameson it is argued that genre as a formal and social construct gives the opportunity to study the dialectics of text and context. In conclusion Jameson's methodology for a dialectics of genre by which both text and criticism can be regrounded, is briefly sketched.

Mikhail Bakhtin en Fredric Jameson word beskou as twee van die teoretici wat in die dekade tagtig 'n groot invloed op Anglo-Amerikaanse literatuurteorie uitgeoefen het. Na die impak van Bakhtin het Massyn (1991: 132) reeds in 'n onlangse uitgawe van *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* verwys, terwyl Jameson se seminale *The Political Unconscious* "vereer" is toe 'n spesiale uitgawe van die tydskrif *Diacritics* daaraan gewy is. Akkolades soos "a leading thinker of the twentieth century" en "the leading Marxist literary critic in America", onderskeidelik ten opsigte van Bakhtin en Jameson, onderstreep die belangrikheid van dié twee figure.

Die invloed van Bakhtin word veral gereken in sy kritiek op Saussureaanse linguistiek met die gebruik van terme soos dialogisme en heteroglossia om die sosiale aard van uitings aan te toon. Hierdie opvattings is ongetwyfeld ook te vind by Jameson en beïnvloed sy eklektiese (dialogiese?)

benadering tot uiteenlopende teorieë, en die ondervanging van beide teks en teorie binne 'n sosiaal-historiese/dialektiese perspektief.

In hierdie artikel wil ek dié twee teoretici se opvattings oor die sosiale aard van die uiting/teks verder ondersoek, met genre as fokuspunt. Die doel is om genre as 'n konvensie waardeur die mediasie tussen die teks en die sosiale onderneem kan word, te verhelder. Sodoende word 'n raamwerk vir die dialektiek van genre verken.

Eerstens word die probleme met die konsep genre, en veral dié rondom die klassifikasiefunksie daarvan, ondersoek. Daarna word die werk van die Bakhtin-skool en Jameson met mekaar in verband gebring, in 'n poging om die *impasse* in genrekritiek op 'n produktiewe manier te probeer oplos.

1

Oor die konsep genre bestaan weinig eenstemmigheid in die moderne literatuurteorie. Dit kom voor of 'n poging om genre te definieer, 'n futiele onderneming is. Jacques Derrida merk op:

> ... genre, a concept that is essentially classificatory and genealogico-taxonomic, itself engenders so many classificatory vertigines when it goes about classifying itself and situating the classificatory principle or instrument within a set. As with the class itself, the principle of genre is unclassifiable.
>
> (Derrida 1980: 61)

Volgens Alastair Fowler is dit nie slegs die geval dat genre definiëring ontduik nie, maar bowenal dat genre en die behoefte om te definieer onverenigbaar is:

> Genre at all levels are positively resistant to definition. Definition is ultimately not a strategy appropriate to their logical nature.
>
> (Fowler 1985: 40)

Die probleme met 'n definisie van genre is in geen geringe mate toe te skryf aan pogings om genre te verklaar in terme van konsepte wat op sigself problematies is nie, en waaroor die laaste woord nog lank nie gespreek is nie, byvoorbeeld:

1. (literêre) vorm, vergelyk M.H. Abrams (1988: 74): "Genre ... denotes a type or species of literature, or as we now often call it, a 'literary form'";

2. taal, vergelyk Jonathan Culler (1975: 136): "A genre is a conventional function of language";

3. interpretasiemodelle, vergelyk Susan Suleiman (1983: 10): "the concept of genre implies that there exist ... certain modes of reading, certain interpretive strategies that can be applied to any and every text".

Die vloeibaarheid van bostaande konsepte impliseer reeds dat 'n definisie van genre in terme daarvan nie veel sistematies sal vertoon nie en volgens Heather Dubrow gaan die tradisionele konsep van genre ook nog gebuk onder 'n kenteoretiese teenstrydigheid:

> ... the central problem is that definitions of genres, like biological species, tend to be circular: one establishes such definition on the basis of a few examples, and yet the choice of those examples from the multitude of possible ones implies a prior decision about the characteristics of the genre.
>
> (Dubrow 1982: 46)

Die probleme rondom 'n definisie van genre word verhewig deur die krisis waarin die praktyk van genrekritiek in die algemeen gedompel is. Waar genrekritiek tradisioneel besig was met die daarstel van 'n sisteem van klassifikasie en taksonomie, wil dit voorkom asof dit juis hierdie praktyk is wat deur strominge van die moderne kritiek as ongewens beskou word, vergelyk Culler:

> A genre ... is not simply a taxonomic class. If one groups works together on the basis of observed similarities one does indeed have purely empirical taxonomies of the sort which have helped to bring the notion of genre into disrepute.
>
> (Culler 1975: 136)

Hierbenewens word die moderne literatuur, en in die besonder die *avant garde* en post-modernistiese bewegings, gekenmerk deur die konsekwentheid waarmee die norm van die genre vervorm, oorstyg en herskryf word. Dat die moderne skrywer nie meer die skeiding tussen genres aanvaar nie, is volgens Tzevetan Todorov (1976: 159) die kenmerk van sy/haar outentiekheid.

Die feit dat 'n teks nie die reëls van 'n genre gehoorsaam nie, dien egter nie as bewys dat genre nie belangrik is by die interpretasie van sodanige teks nie. Inteendeel, genre dien juis as norm wat deur die teks en kritiek bevestig en/of verbreek word.

Desondanks die probleme rondom genre is hierdie konsep onontbeerlik in die studie van die letterkunde. Derrida meld dat

> a text cannot belong to no genre, it cannot be without or less a genre. Every text participates in one or several genres, there is no genreless text; there is always a genre and genres.
>
> (Derrida 1980: 65)

Vir Jameson (1975: 136) is 'n literatuurgeskiedenis sonder die vermelding van genres ondenkbaar; 'n aspek wat Dubrow onderstreep met 'n insiggewende opmerking:

> It is above all in the traditional field of literary history that genre theory can and should play an increased role. Literary historians too often merely repeat the conventional wisdom about genre - that the early seventeenth century abandoned the long poem, that the Augustan period was the age par excellence for satire and so on - rather than look more closely at these and other generic patterns. One of the most fruitful ways to examine the nature of particular periods and the changes from one era to another is to study why certain literary forms, such as epic and romance, flourish during some ages and not others and how a particular genre interacts with the other literary forms and aesthetic attitudes of its day.
>
> (Dubrow 1982: 113)

Vir die verloop van die argument is dit vir eers gerade om van die veronderstelling uit te gaan dat daar iets soos genre is en dit nie te probeer definieer nie. Sodoende word die knelpunte in die debat oor Hans Robert Jauss se spesifieke, enkelvoudige (teks) teenoor die algemene, kollektiewe (genre), genre en modus (Northrop Frye) asook Todorov se onderskeid tussen teoretiese en historiese genres vermy. Dit blyk vervolgens logies om ondersoek in te stel na die gebruike waarvoor genre deur die kritiek aangewend word.

As blote teoretiese konsep lewer genre nie veel op nie, dog die frekwensie waarmee en wyse waarop dit gebruik word, bied insig. Dit is in werklikheid so dat genre nie los te dink is van die pragmatiese nie; om genre te definieer, veronderstel altyd 'n pragmatiese ingesteldheid. Todorov voer aan dat:

> [i]n a society, the recurrence of certain discursive properties is institutionalized, and individual texts are produced and perceived in relation to the norm constituted by this codification. A genre, literary or otherwise, is nothing but this codification of discursive properties.
>
> (Todorov 1976: 162)

Genres ontstaan en funksioneer binne die pragmatiek van die diskoerssituasie, en die nut van genre vir die literatuurstudie lê in die gebruik daarvan as 'n instrument van analise en interpretasie. Adena Rosmarin

(1985: 34) voer aan dat "genre is the most powerful explanatory tool available to the literary critic". Ook Dubrow kom tot dieselfde gevolgtrekking wanneer sy sê dat

> generic categories and principles rarely provide simple answers to problems about literature - but they regularly offer us one of the surest and most suggestive means of seeking those answers.
>
> (Dubrow 1982: 118)

Fowler (1985: 38) toon ten slotte ook aan dat die klassifikasiewerksaamheid van die tradisionele genrekritiek in wese 'n interpretasiehandeling is, want om die genre van 'n werk te bepaal, is om die betekenis daarvan vas te stel. Dit wil voorkom of genre onontbeerlik is by die analise en interpretasie van tekste - ook by die verrekening van die sosio-politieke grondslae van die teks.

2

Die ontstaan van genres binne die diskursiewe situasie dui daarop dat genre in noue relasie tot die sosiale en historiese staan. Indien genre beskou word as die kodifisering en institusionalisering van diskursiewe praktyke binne 'n samelewing, word reeds daardeur die mediasie tussen teks en samelewing gesuggereer.

Ek neem vervolgens die mediërende funksie van genre onder die loep en dui kortliks 'n metodologie aan waarin genre as instrument van mediasie gebruik word. Vir hierdie doel word raakpunte getref tussen die Bakhtin-skool en Jameson ten opsigte van die konsep genre.

Die haalbaarheid van so 'n projek blyk uit Clive Thomson (1984: 38) se konklusie: "Jameson expands Bakhtin's basic conception of genre as a mediating entity and turns it into a methodological construct". Medvedev (Todorov 1984: 80) beklemtoon hierdie mediërende funksie van genre wanneer hy sê "[t]he true *poetics* of genre must be a *sociology* of genre" [my kursief].

In aansluiting hierby word ook die metodologiese funksie van genre belig as Jameson opmerk dat

> the strategic value of generic concepts for Marxism clearly lies in the mediatory function of the notion of a genre, which allows the coordination of immanent formal analysis of the individual texts with the twin diachronic perspective of the history of forms and the evolution of social life.
>
> (Jameson 1981: 105)

Hierdie opvatting oor genre plaas ons binne die paradigma van Jameson se *The Political Unconscious*; die immanente vormlike ontleding wat binne die Geskiedenis as klassediskoers voltrek word. Binne hierdie werkwyse is die konsep genre onontbeerlik vanweë sy tweeledige aard as vormlike en sosiale konstruksie.

Sodanige tweeledigheid word ook in die werk van die Bakhtin-skool benadruk, aldus Todorov (1984: 80). Hy noem dat die nosie van genre vir hierdie groep vrugbaarder is as skool of stroming omdat dit 'n "vormlike realiteit" besit. Insgelyks beklemtoon hulle die sosiale aard van genre, want "transformations in genre must be considered in relation to social changes".

Die dialektiek tussen die vormlike en sosiale word deur Bakhtin uitgebou as hy die konsep genre nie beperk tot "hoë" literêre vorme nie, maar dit aantref in die alledaagse gebruik van taal. Hy onderskei dus vrae, uitroepe en ander uitinge as diskursiewe genres/praktyke wat juis dien as voedingsbron vir die "hoë", sekondêre, literêre genres. Sonder hierdie bestuiwingsproses sou 'n vernuwing van literêre vorm en derhalwe literêre geskiedenis ondenkbaar wees.

Vir Jameson (1981: 84) is hierdie dialogiese verhouding tekenend van prosesse in die breër kulturele geskiedenis waardeur 'n hegemoniese kultuur deur appropriëring anti-hegemoniese vorme koöpteer, neutraliseer en transformeer. Die dialogiese kan juis ook dien om hierdie proses te herskryf en sigbaar te maak, sodat die anti-hegemoniese stem hoorbaar kan word.

So 'n analise impliseer dat die teks nie gesien word as 'n stel uniforme, homogene eienskappe nie, maar as 'n samestelling van uiteenlopende genres, 'n konglomeraat van verskeie narratiewe sisteme of te wel 'n generiese diskontinuïteit. Jameson verwys na die teks as

> the coexistence, contradiction, structural hierarchy, or uneven development of a number of distinct narrative systems.
>
> (Jameson 1981: 138)

Hierdie eienskappe word die duidelikste beliggaam in die roman, en dit is veral ten opsigte van dié genre dat 'n verdere raakvlak tussen Bakhtin en Jameson aangetref word. Beide beklemtoon die heterogene aard daarvan, vergelyk die volgende identiese uitsprake:

> [t]he novel is multiform in style, variform in speech and voice and has heterogeneous stylistic unities.
>
> (Bakhtin 1981: 261)

en

> [t]he novel is not so much an organic unity as a symbolic act that must reunite or harmonize heterogeneous narrative paradigms which have their own specific and contradictory ideological meaning.
>
> (Jameson 1981: 144)

Jameson (1981: 141) noem verder dat uiteenlopende en soms konflikterende diskoerse neerslag vind in die gesedimenteerde betekenisse van verskillende (en dikwels argaïese) generiese konvensies. So, byvoorbeeld, sou die epiese en tragiese in 'n teks 'n besondere ideologiese lading dra wat om dekodering vra. In 'n roman sal daar dus ideologie-krities gekyk moet word na hierdie konvensies, onder andere, ten opsigte van verhaalopset en karakterbeelding.

Bakhtin (1981: 263) toon ook die ideologiese neerslag in die romanstruktuur aan omdat dit die lokus en vorm is waarin heteroglossia - die verskeidenheid van sosiale tale, diskursiewe genres, spraaktipes - effektief ingebed word. Die heterogene aard van die roman bewerkstellig dus 'n hoë mate van mediasie tussen die vormlike en sosiale.

Insgelyks impliseer die heterogeniteit van die roman ook die ondergrawing van die opposisie vormlike/sosiale soos ook blyk uit die wyse waarop die roman die vormlike verbreed en altyddeur die sosiale betrek. Binne hierdie konteks val die uiteenlopende uitgangspunte van Bakhtin en sy Formalistiese tydgenote op. Thompson noem dat die sosiale en historiese vir Bakhtin elementêr is in enige konsep van genre, terwyl die Formaliste die vormlike beklemtoon in hul beskouing van genre as 'n sisteem van spesifieke (literêre) middele wat in bepaalde werke dominant is:

> Whereas the Formalists tended to discuss genre in terms of abstract typology, closure and narrative perspective Bakhtin emphasizes ideology, differentiation and polyphony.
>
> (Thomson 1984: 31)

Jameson (1981: 151) se nosie van die roman as "the end of genre" is hier vergelykbaar met Bakhtin, ten opsigte van die wyse waarop die roman die literêre verplaas na die historiese en sosiale substraat.

Vir Jameson se breedopgesette dialektiek is dit nie genoeg om slegs die teks en genre sosiaal-histories te begrond nie, maar ook genrekritiek moet sodanig ondersoek word omdat kritici binne dieselfde maatskappy fungeer en onderhewig is aan dieselfde samelewingsinvloede. Die wyse waarop kritici genre hanteer, is juis die beginpunt van 'n metodologie vir die dialektiek van genre en terselfdertyd word die kritiek gehistoriseer. Vir Jameson is daar twee strominge in genrekritiek wat gegrond is op twee uiteenlopende persepsies oor die aard van genre. Hiervolgens word genre beskou as 'n literêre diskoers wat in terme van òf 'n vaste struktuur òf

modus ("mode") ondersoek kan word, maar wat hom terselfdertyd tot beide leen.

'n Ontleding van 'n roman in terme van die modus van die genre sal let op die gees en visie van, byvoorbeeld, die epiese in die teks, en, onder andere, die ontroerende, meesleurende en bewusmakende effek daarvan uitlig. 'n Strukturele ontleding sal die elemente van die epiese, onder meer, in karakterisering blootlê.

Hierdie bevindinge bevredig nie die doelwit wat die artikel stel nie, naamlik om genre sosiaal te begrond. Die opvatting oor teorieë as inperkingsmeganismes wat ander moontlikhede uitsluit - veral die sosiale neerslae van 'n teks - kom hier ter sprake. 'n Dialektiese werkwyse ondervang egter bostaande bevindinge waardeur dit steeds moontlik is om die teks in konteks te plaas. In die proses word die twee benaderingswyses tot genre ook gekontekstualiseer.

Volgens Jameson (1981: 115) kan die gebreke van die twee benaderingswyses slegs in die Geskiedenis opgelos word. Die modale (semantiese) benadering word gevolg totdat die betrokke "essensie", "wêreldvisie" deur historisering as ideologeem ontbloot word, en vervolgens as denkbeeldige oplossing van objektiewe teenstrydighede begryp kan word.

Die strukturele (sintaktiese) benadering vereis vir sy voltooiing 'n onrepresenteerbare, infrastrukturele, beperkende sisteem, of te wel die Geskiedenis as altyd afwesige oorsaak.

'n Dialektiek van genre soos voorgestel aan die hand van Bakhtin en Jameson bied vir die kritikus 'n handige mediërende instrument om die sosiaal-historiese grondslae van 'n teks te beskryf - so 'n werkwyse vermy die vulgarismes van sommige Marxistiese benaderings, asook die impressionisme van 'n Formalistiese interpretasie.

Verwysings

Abrams, M.H.
1988 *A Glossary of Literary Terms.* Fort Worth: Holt, Rinehart & Winston.

Bakhtin, Mikhail M.
1981 Discourse in the Novel. In: Emmerson, Caryl & Holquist, Michael (eds) *The Dialogic Imagination.* Austin: University of Texas Press.

Clark, Katerina & Holquist, Michael
1984 *Mikhail Bakhtin.* Cambridge & Londen: The Belknap Press of Harvard University Press.

Culler, Jonathan
1975 *Structuralist Poetics: Structuralism, Linguistics and the Study of Literature*. London: Routledge & Kegan Paul.

Derrida, Jacques
1980 The Law of Genre. *Critical Inquiry* 7: 55-81.

Dubrow, Heather
1982 *Genre*. Londen & New York: Methuen.

Fowler, Alastair
1985 *Kinds of Literature: An Introduction to the Theory of Genres and Modes*. Oxford: Oxford University Press.

Jameson, Fredric
1975 Magical Narratives: Romance as Genre. *New Literary History* 7(1): 135-163.
1981 *The Political Unconscious: Narrative as a Socially Symbolic Act*. London: Methuen.

Massyn, P.J.
1991 Dialogism and Carnival: Reflections on Bakhtin, Language and the Body. *JLS/TLW* 7(2): 132-145.

Rosmarin, Adena
1985 *The Power of Genre*. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Suleiman, Susan
1983 *Authoritarian Fictions: The Ideological Novel as a Literary Genre*. New York: Columbia University Press.

Thomson, Clive
1984 Bakhtin's Theory of Genre. *Studies in Twentieth Century Literature* 9(1): 29-39.

Todorov, Tzevetan
1976 The Origin of Genres. *New Literary History* 8(1): 159-170.
1984 *Mikhail Bakhtin: The Dialogical Principle*. Minneapolis: University of Minnesota Press.